# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 08:00 EN 10:00**

## God se getrouheid is die anker van ons hoop

**Skriflesing:**
Job 3:1-26

**Teksvers:**
Job 3: 20-23

**Sing:**
Ps 66:1, 7
Ps 32:1, 3
Ps 138:1, 3, 4
Sb 28b
Ps 147:1, 2, 4
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond, Jacques Silvis
**Orrelis**: Corlea vd Walt

**Prediker**:
Ds Lourens Venter

Soms voel dit asof die Here ons bo ons kragte beproef. Dit voel soms te swaar om die laste van die lewe te dra. So het Job ook geworstel met die verskriklikste beproewings wat sy lewenspad met absolute afgryse vervul het. Selfs Job se vrou hits hom aan om God te vloek en te sterf, maar by alles het Job nie teen God gesondig nie.

Ons staan vanoggend stil in ons verootmoediging as ons naspeur oor die rede hoekom daar soms swaar beproewinge oor ons lewenspad kom, by die lewe van die man uit Us wie se naam was Job, met die tema: *God se getrouheid is die anker van ons hoop.* Amen

**SONDAGAAND 18:00**

## Ware bekering lei tot ware goeie werke!

**Skriflesing:**
Gal 5:13-25;
Klaagl 5:1-21; 1 Joh 5:1-5
**Teksvers:**
Gal 5:16,25; Klaagl 5:21;
1 Joh 5:3

**Sing:**
Ps 81-1:1,12
Ps 19-1:4
Ps. 32-1:1,6
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Orrelis**: Mariki Lessing

**Prediker**:
Ds Gerrit Kruger

Ons neem bekering nie altyd baie ernstig op nie. Ek is mos 'n Christen wat die Here dien. Hoekom moet ek my bekeer? Is dit nodig dat ek my bekeer? Ten diepste is bekering 'n daad van God. Maar tog ook 'n daadwerklike roeping wat op ons as Christene geplaas word. Ons moet daagliks die oue mens afsterf en as nuwe mens te lewe. Dit is om jou te laat lei deur die Gees. Dit is om goeie werke te doen deur die vrug van die Gees te openbaar in die doen van goeie werke.

Ons gaan na drie sake kyk:

- Die ware bekering.
- Die wese van bekering.
- Die vrugte van bekering.



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 45 Nr 35 20 September 2020**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

## *'n Dag van verootmoediging*

Vandag word ons almal opgeroep om onsself voor die Here te verootmoedig...

Vanweë uiters streng inperkingsregulasies, voel die kerke die druk, nood en dringende behoefte om weer in die volle gemeenskap van die heiliges te funksioneer.

**Ons versoek dat:**

1. Elkeen selfondersoek doen en verootmoedig voor die Here.
2. Elkeen die koningsheerskappy van Christus sal erken en nie die uitkoms by mense soek nie.
3. Ons voorbidding doen vir die owerheid in hierdie belangrike saak om in verantwoordelikheid voor God op te tree.
4. Ons voorbidding doen vir 'n goeie reënseisoen, sodat daar genoeg kos en werk sal wees vir alle mense in die land.
5. Die kerk in gehoorsaamheid aan God, ons lig in besonder sal uitstraal in hierdie tyd met liefde en omgee vir alle mense en in besonder vir die mense in nood, sodat die triomf van die evangelie eindeloos sal wees.
6. Die kerke die Here dank vir die bewaring wat die kerk grootliks ontvang het en die seëning van 'n hoë herstelpersentasie onder mense wat die virus opgedoen het.

Ootmoed word verklaar in die HAT as "'n besef van nederigheid, onderworpenheid, veral teenoor God." Hoewel dit nie meer so algemene Afrikaanse woord is nie, is dit nog altyd 'n belangrike begrip in Bybelse terme.

Met hierdie woordjie, wat vandag baie meer algemeen vertaal word met nederigheid, sit daar tog iets dieper in, om jouself neer te buig, om jouself te verneder voor God. Dit gaan oor 'n baie spesifieke aksie/reaksie.

Die verklarende woordeboek vertaal dit met: *Humility, meekness, poverty*.

Ons Here Jesus begin die saligsprekinge met hierdie gesindheid wat in ons moet wees om "*arm van gees*" te wees. Dit is om van jou eie moedigheid af te sien en volkome op die Here te vertrou.

Vervolg op bl 7...

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 10:00
Engelse Diens: 11:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Loof die Here!**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

---

**<u>KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES</u>: www.gkcenturion.co.za**

**<u>VIDEO UITSENDINGS</u>** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**<u>EREDIENSTE OP INTERNET</u>:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**<u>LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON</u>**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**<u>BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK</u>:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skep-hoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

## GTA beplanning 2020

Soos baie ander goed die jaar kon ons nie die beplande tiener aksies Sondagaande na kerk hou nie en onder die huidige omstandighede is dit steeds moeilik.

Die bestuur het besluit op 3 groter aksies Vrydae, 17:00 tot 19:00, by die jeughuis. Ons nooi al die tieners van Gr 7 - 11 uit om saam te kom kuier:

- 2 Okt—Skemer-kaperjolle
- 16 Okt—Soettandaand
- 30 Okt tot 1 Nov—Staptoer
- 4 Des—Tienersafsluiting by ds Lourens se huis.

... vervolg van bl 1

Daarom ook dat die Here afsien van Sy kwaad en toorn as sy kinders hulle verneder in hulle swakheid en hulle voor Hom verootmoedig. Moses leer die volk in Deuteronomium 8 dat hulle 40 jaar deur die woestyn gereis het omdat die Here hulle nederigheid (ootmoed) geleer het om hulle op die proef te stel of hulle Hom waarlik liefhet. Salomo pleit in sy gebed in 1 Konings 8 dat die Here sal uitkoms gee as daar nood is en die volk hulle tot die Here bekeer (verootmoedig). So het Dawid en Jehiskia en die profete hulle voor die Here verootmoedig. Ja ook die volk het by tye in nederigheid gebuig, en die Here het hulle genadig aangesien.

Jesaja verkondig in hoofstuk 61 oor die koms van die Messias: "*Die Gees van die Here my God het oor my gekom, die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood (ootmoediges), Hy het my gestuur om die wat moedeloos is, op te beur*...."

Mag ons dan hierdie blye boodskap ter harte neem as ons onsself vandag voor die Here in nederigheid verootmoedig en ons van harte bekeer en ons vertroue volkome op Hom rig. Mag die Here ons gebed verhoor. Want die nederiges sien Hy genadig aan, maar die hoogmoediges werp Hy neer.

Lourens (VDM)



## Laerskoolkinders - Job

Omkring die regte antwoord:

1. Waar het Job gewoon?

   Griekeland  Egipte  Us

2. Hoekom het die duiwel gesê dat Job 'n maklike lewe gehad het?

   Hy was 'n ryk man.

   Hy was 'n koning.

3. Wat was NIE van Job weggevat nie?

   Sy kinders  Sy vrou  Sy besittings

4. Het Job getrou gebly aan die Here?

   Ja  Nee  Weet nie

### EBENHAESER TUISTE VIR BEJAARDES

Ons Tuiste is geleë in 'n rustige omgewing aan die oewers van die Hartbeesspruit. Die woonbuurt waarin ons tuiste geleë is vorm deel van die bekende Moot-area in Pretoria en is baie toeganklik vanaf die N1 snelweg

Die gebou bied behuising in die vorm van verskillende groottes woonstelle en kan ongeveer 100 bejaardes huisves. Die woonstelle word slegs verkoop (geen woonstelle word verhuur nie) in die vorm van bewoningsreg.

Vir verdere inligting kan belangstellendes met ons in verbinding tree deur ons te skakel by 012 333 6040 of 'n e-pos te stuur na ontvangs@ebenhaeser.com.



## *Ons gee om vir Mekaar*



"*...die Here sal my onder sy sorg neem.*" Ps 27:10

- Wynand Loots sterk tuis aan (A8—084 471 7525).
- Hennie Lee sterk aan in 1 Mil hospitaal (A9—072 536 4525).
- Albie Venter het 'n prosedure ondergaan in Unitas hospitaal (B7—664 1117).
- Wouter Grönum is oorgeplaas na Rusoord (B16—072 377 8422).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Katkisasie*

Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

### Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:30***

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid  By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid  By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Speelterapie praktyk.** Wietske Boon 0824114015/ wietske@childtherapist.co.za.

**Skryfbehoeftes** vir skool en kantoor, kantoor masjiene, laser-gravering. Hein Greyling 6643560/ hein@10uit10.co.za.

**3D Argitektoniese** Renderings/Perspektiewe vir Bemarking, Kommunikasie en Ontwerpdoeleindes - www.jaggedpixel3d.net. Johan 0833816454/ jagged@lantic.net.

**Instandhouding**—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; hout- of lamineervloere; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 082 927 4326 / hj2vdwalt@gmail.com.

**Hi Pro hondekos** - Hennopspark, geformuleer deur diere-dieetkundige. 8kg - R80. 10kg - R100. 25kg - R230. 50kg - R450. Monsters is gratis beskikbaar. Wally tel/whattsapp 071 578 3625.

**Wildskarkaste te koop**, klaar geslag, moet self bewerk word. Pryse en meer inligting kan bekom word by Johan—hj2vdwalt@gmail.com.

**Mariza Mosca Professionele Rekenmeester** (SA) vir maandelikse rekeningkundige, betaalstrokies en belasting werk aan klein tot mediumgrootte besighede. Skakel Mariza 082 405 8565/mariza.saipa@gmail.com/fb: @MMProfAcc.

**Laerskool kinderoppasser/Naskool**, Valhalla. Martie de Jonge by 071 108 5944/ smitm7783@gmail.com.

Gerestoureerde grondvloer **woonstel te huur**, R5800pm 1½ sk, granietblad kombuis in Bon Courage agter Unitas en langs ons kerk. Kontak Ben vd Walt 082 854 3719.

Die Here het my gelei om weer die Finansiële Beplanningswêreld te betree met ingang van DV 1 Sept 2020. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebeplanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP ™) 082 824 2933.

**Huis te huur** in Potchefstroom—2 sk, studeerkamer, 2bk. 2Km van NWU kampus. Kontak Frans vd Walt 082 881 2224.

**Hoofbestuurder Finansies—Residentia Admin Buro (Sunnyside)** Hons BCompt / CTA of soortgelyke vlak kwalifikasie (NQF8). Stuur u CV aan Dianri Britz per e-pos na dianri@residentia.co.za. Die sluitingsdatum is 15 September 2020.

**Beginner musieklesse**, Monumentpark. Mamma & babalesse; kleuterlesse; klavierlesse en musiekteorie. Kontak Eljé Oosthuizen 0766307006/ beginnermusiek@gmail.com of kyk na webwerf: http://www.beginnermusiek.wixsite.com/beginner

**Eljada Huis—**Die volgende items word op 'n konstante basis benodig: sout, soja, rys, soppoeier, mieliemeel, suiker, sardyne in tamatiesous, gebakte bone, blikkieskos, grondboontjiebotter, konfyt, toiletpapier, tandepasta, badseep, lyfroom.
Kontak Petra Swanepoel by 082 927 7324 vir reëlings om die skenkings af te laai of u kan dit tydens die grendelwinkel in die trollie by die Jeughuis plaas.

**Eredienste op CD** Indien u opsoek is na 'n oudio-opname van 'n erediens op CD skakel gerus vir Johann Verreynne (082 554 9416).

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybels-projek*** by te dra: Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing:
***Bybelgenootskap***





# VERJAARSDAE

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

**LYDENDE LIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Sep | Edmund | Mc Cabe | B19 | 27795543392 |
| | Ralph | Mc Cabe | A16 | 27834073040 |
| | Danie | du Toit | C10 | 27721745390 |
| | Nicola | Wakeford | C07 | 663 7638 |
| 22-Sep | Bets | Prinsloo | C15 | 27828899650 |
| | Hettie | v Schalkwyk | A14 | 27723797624 |
| | Jan | v Rooy | C04 | 27828205856 |
| 23-Sep | Mollie | Buys | B07 | 27845976228 |
| 24-Sep | Christi | Kruger | B16 | 27824681025 |
| | Bets | Roos | B09 | 27826874885 |
| | Elesa | Dreyer | B09 | 27849636500 |
| | Clarina | Vorster | C09 | 27764368551 |
| | Lourette | vd Berg | B11 | 27822692894 |
| 25-Sep | Martin | Kruger | B16 | 27824440938 |
| | Francois | van Niekerk | B06 | 27788044541 |

**DOOPLIDMATE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 20-Sep | DP | van der Walt | B03 | 27845499831 |
| 22-Sep | Ignus | Jonker | B04 | 27832842974 |
| | Lisa | Jooste | C06 | 27720429738 |
| | Ameliah | v Schalkwyk | B14 | 27848190026 |
| 25-Sep | Joné | Nöthling | A11 | 27761457124 |
| | Carmine | Schoulund | E01 | 27833095606 |




## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Van 27 Sept begin oggenddienste om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00.

Die kantoor sal op Maandae die betrokke lidmate per sms, per gesin, uitnooi om die erediens te kom bywoon. Dit stel alle belanghebbendes in staat om toe te sien dat die nodige registers en regulasies opgestel en nagekom word.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

| 20 Sep | | |
|---|---|---|
| 08:00 | 10:00 | 18:00 |
| A5 | B6 | A6 |
| C3 | C6 | B15 |
| A07 | | |

| 27-Sep | | 4 Okt | |
|---|---|---|---|
| 08:00 | 09:30 | 08:00 | 09:30 |
| A09 tot A12 | A13 tot A16 | A01 tot A04 | A05 tot A08 |
| B11 tot B14 | B15 tot B19 | B01 tot B05 | B06 tot B10 |
| C09 tot C12 | C13 tot C15 | C01 tot C05 | C05 tot C08 |